

STAATSONDERWYS, 1859-1872.

1. Onderwys onder die Algemene Skoolkommissie vir Onderwys, 1859 -1868.

a. Belangrike gebeurtenisse in 1859.

Volgens artikel 24 van die 1858-grondwet word daar van rege-
ringsweë vir die onderwys voorsiening gemaak, sodat die onderwyssake
voortaan onder die beheer van die regering sou wees. Dit het vir die
algemene vordering van sake op onderwysgebied veel beteken, onder ande-
re die volgende:

(1) Die skool in Potchefstroom is in April 1859 weer heropen on-
der 'n vorige onderwyser, H. van der Linden, wat tans as goewermentson-
derwyser benoem is teen 'n vasgestelde salaris van £75 per jaar, deur
die regering betaalbaar¹).

(2) Volkome in ooreenstemming met die gedagte dat die staat vir
die onderwys verantwoordelik moet wees, gaan die regering verder en
neem aan die begin van 1859 vir die eerste keer die leiding van sake
op hom met die daarstelling van 'n skoolkommissie vir Potchefstroom,
wat belas sou wees met die toesig oor die onderwys aldaar²).

(3) 'n Derde bewys van die regering se belangstelling in die on-
derwys was die opdrag aan genoemde skoolkommissie om 'n reglement vir
goewermentsonderwysers op te stel, wat dadelik aangepak en deurgevoer
is, sodat die nuwe reglement vroeg in 1859 onveranderd deur die Uit-
voerende Raad aanvaar is. Dit staan bekend as die Skoolreglement van
1859³).

1. Staatskoerant, no.74, 20/5/1859.

2. Ibid., 13 en 20 Mei 1859: M.A.Goetz was voorsitter, dr. B.Poortman
sekretaris, ds. Van der Hoff, M.W.Pretorius en H.S.Lombardt was lede.

3. Staatskoerant, no.73, 13/5/1859. (Ook gepubliseer in Lugtenburg:
Geskiedenis van die onderwys in die S.A.R., Aanhangsel III).

Hoewel die Van der Linden- en Van der Hoff-reglemente al tevore
deur die Volksraad goedgekeur is, kan ons dit nie juis „wette” in
die ware sin van die woord noem nie: daar die voorstelle amper son-
der bespreking of deeglike oorweging deur die Volksraad goedgekeur
is, sonder dat die Raadslede die volle implikasie daarvan besef het.
Van 1859 af het die Volksraad die inisiatief geneem met die onder-
wyswetgewing, terwyl die Van der Linden- en Van der Hoff-reglemente
ontstaan het sonder daadwerklike hulp van die regering en miskien aan-
geneem is hoofsaaklik omdat die lede nie daarin iets verkeerd ge-
sien het nie.

(4) Benewens hierdie nuwe skool, nuwe skoolkommissie en nuwe reglement van onderwys is daar ook in 1859 op voorstel van die Volksraad 'n kommissie vir onderwys, bekend as „ Algemene Kommissie van Onderwys“, benoem, wat toesig gehad het oor die onderwys in die hele Republiek. Dit het hierdie funksie vervul tot 1867¹).

Met hierdie optrede van die regering het hy veel gedoen om die onderwys, wat nou staatsonderwys was, te bevorder.

b. Die Skoolreglement van 1859.

(1) Die inhoud.

Artikel 1 van dié Reglement bepaal dat die onderwyser, afgesien van die skoolgeld, 'n jaarlikse salaris van £75 kry asook 'n vrye woning en skoollokaal en indien moontlik 'n stuk grond vir sy gebruik.

Die tweede artikel stel vas hoeveel aan skoolgeld betaal moes word:

- (a) Kinders onder 12 jaar rds. 1-5-2²),
- (b) Kinders bo 12 jaar rds.2.

Die onderwyser is verplig om kinders wat deur die Kerkraad of skoolkommissie as onvermoënd verklaar is, gratis te onderrig³). Die ouers is verplig om maandeliks skoolgeld aan die onderwyser te betaal⁴). Skoolbehoefte soos papier, penne, ink, leie, griffels en boeke moes deur die ouers aan die onderwysers vergoed word, tensy hulle dit self verskaf het. Die skoolkommissie moes die pryse van hierdie benodighede vasstel⁵).

1. Staatskocrant, no.73,1859; V.R.B., art. 19, 5 Mei 1859. Lede van die kommissie was: ds. Van der Hoff (Potchefstroom), ds.P.A.C. van Heyningen (Lydenburg), staatsprokureur B.C.E.Proes en goewerments-onderwyser H. van der Linden (Potchefstroom).

2. Teen 1860 was die wisselkoers van geld die volgende:

- 1 riksdalder = 8 schellinge,
- 1 schelling = 6 stuivers,
- 1 riksdalder = 1/6. Vgl. Pelzer: Wordingsjare, 14, voetnoot 5.

3. 1859-reglement, art. 3.

4. Ibid., art. 4.

5. Ibid., art. 6.

Artikel 23 is van belang omdat dit die onderwyser op gelyke voet met alle goewermentsamptenare stel: „De onderwyser zal in zijne hoedanigheid als Gouvernementsonderwyser het recht hebben, als alle overige Gouvernementsambtenaren, zich wegens vermeend onregt door de schoolkommissie hun aangedaan, aan den Uitv.Raad te adresseren“.

Artikel 25 lê neer dat die onderwyser verplig sal wees om 'n ondermeester na eie keuse aan te stel en daarvan aan die kommissie kennis te gee. Dit bepaal egter nie presies wanneer dié aanstelling moes geskied nie.

(2) Betekenis.

Waar die staat in 1859 die inisiatief geneem het met die onderwyswetgewing, het hy daarmee ook verantwoordelikheid aanvaar vir die betaling van die salarisse van die goewermentsonderwysers. Die salaris van £75 per jaar, deur die staat betaalbaar, het meer vastigheid in die onderwys gebring asook meer uniformiteit in die salarisse. Vermoedelik omdat die staat finansieel nie sterk gestaan het nie maar tog besef het dat die vasgestelde salarisse miskien onvoldoende was, is voorsiening gemaak vir 'n addisionele inkomste aan die onderwyser in die vorm van skoolgelde. Ook is die skoolgelde wat betaalbaar was, vasgestel, sodat elke ouer kon weet hoeveel hy vir sy kinders moes betaal. Terwyl dit die voordeel van 'n groter inkomste vir die onderwyser ingehou het, het dit tog die nadeel gehad dat die aantal leerlinge in die skool die bedrag aan totale inkomste sou bepaal. Dit hou die gevaar in dat die onderwyser meer leerlinge kan inneem as wat doeltreffend behartig kan word, waardeur die peil van die onderwys moontlik verlaag kon word.

Die bepaling dat kinders van onvermoënde ouers as sodanig gesertifiseer deur die Kerkraad of skoolkommissie, gratis kon skoolgaan, het die onderwys vir alle kinders toeganklik gemaak maar het ook die deur oopgestel vir wanpraktyke wat die regering jare later baie hoofbrekens sou besorg. Vir die meeste onderwysers was skoolhou hulle broodwinning, en aan kinders wat skoolgeld betaal het en sodoende vir hulle verhoogde inkomste gesorg het, is voorkeur gegee bo gratis leerlinge wanneer sekere kinders as gevolg van gebrek aan ruimte in die

klein skoollokaaltjies geweier moes word.

'n Verdere leemte in die Onderwysreglement van 1859 is die vae bewoording aangaande die aanstelling van 'n ondermeester wat deur die onderwyser aangestel moes word. By gebrek aan enige duidelikheid oor die assistent se salaris wil dit voorkom asof hy geheel en al aan die genade van die onderwyser oorgelaat was. Die feit dat die Reglement nie bepaal het vir watter leerlingtal dit nodig was om 'n assistent aan te stel nie, kon hoofonderwysers, in belang van hulle eie inkomste, in die versoeking stel om te veel hooi op die vurk te neem deur self te veel leerlinge te probeer behartig tot eie voordeel maar ook tot na-deel van die onderwys van die kinders.

(3) Die onderwys op plase.

Die Onderwysreglement van 1859 het hoofsaaklik die onderwys in die groter sentra gereël. Vanweë die grootte van die plase en die baie plaaswerk waarmee kinders behulpsaam moes wees, het die onderwys aldaar altyd ver agter die van die dorpe gebly. Die rondreisende onderwysers¹⁾ het wel in 'n mate in hierdie behoefte voorsien, maar hulle het nie juis 'n belangrike bydrae van blywende betekenis vir die onderwys gelewer nie.

(4) Staatsonderwys maar nog nie gratis onderwys nie.

Hoewel ons van 1859 af van staatsonderwys kan praat, was dit nog geensins gratis onderwys in die sin soos on dit vandag ken nie. Die

1. In dié verband is dit interessant om te let op 'n poging wat J.W. de Villiers aangewend het om die rondreisende onderwysers te help. Hy het eerstens daarop gewys dat dit vir die plattelandse ouers onmoontlik was om hulle kinders na dorpskole te stuur, omdat hulle kinders nodig was vir plaaswerk en omdat losies te veel sou kos. Hy het aan die hand gedoen dat drie reisende onderwysers van owerheidsweë aangestel moes word teen £30 per jaar en dat hulle vir kinders bo en onder 15 jaar respektiewelik rds.4 en 3 aan skoolgeld moes ontvang. Om addisionele uitgawes te voorkom stel hy voor dat £30 van die dorpsonderwysers se salaris vir diê doel afgetrek moes word, omdat hulle saam met skoolgeld volgens sy berekening jaarliks £240 verdien het. Sy skatting van die dorpsonderwysers se salaris was te liberaal, en hy wou ook vir te min reisende onderwysers voorsiening maak, en miskien daarom het die Uitvoerende Raad sy plan afgekeur met U.R.B. art.20 van 2 Desember 1859. Kyk R.3242/59: J.W. de Villiers aan M.W.Pretorius, d.d.Nooitgedacht, 8 November 1859; ook R.3310/59, d.d. 15 Desember 1859.

ouers moes nog skoolgelde betaal, en ook vir hulle kinders se boeke en skryfbehoeftes moes hulle self sorg. Tog was daar ook kinders wat gratis onderwys ontvang het omdat hulle ouers te arm was om die vasgestelde skoolgeld te betaal. Hierdie stelsel van gedeeltelike staatsonderwys, waar die ouer self moes sorg vir boeke en skryfbehoeftes en skoolgelde moes betaal terwyl die regering sorg sowel vir die onderwyser se salaris as vir die skoolgebou, was 'n gesonde stelsel, omdat/die onderwys binne die bereik van elke dorpskind gebring het maar elke ouer tog verplig was om regstreeks iets vir die onderwys en opvoeding van sy kind by te dra. Dit het die ouer laat belang stel in die vordering van sy kind: enige mens stel meer belang in 'n saak waarvoor hy moet betaal as in iets wat hy geheel en al gratis ontvang.

Die nadeel van die ouer se geldelike bydrae tot die onderwys van sy kind in daardie dae toe daar nog nie verpligte skoolbesoek was nie, was dat die ouer sy kind uit die skool kon neem sodra hy nie meer sy geldelike verpligtinge kon of wou nakom nie, sodat die onderwys en opvoeding van sy kind noodwendig daaronder gely het.

(5) Insinking en oplewing.

Die mooi oplewing van belangstelling en aktiwiteit op onderwysgebied moes al gou plek maak vir politieke twiste in die begin van die sestigter jare, wat op 'n burgeroorlog uitgeloop het en die onderwys gestrem het omdat onderwysers ook aan die rusies deelgeneem het, met die gevolg dat sommige skole gesluit moes word, en die regering kon geen gereelde uitbetaling van salarisse waarborg nie. Kort na afloop van die onluste het die onderwys weer herlewe en is verskillende skoolkommisies weer deur die regering benoem, byvoorbeeld te Potchefstroom, Pretoria, Rustenburg en Lydenburg¹). Aan die Rustenburgse onderwyser is 'n salaris van £100 per jaar toegeken nieteenstaande die Reglement £75 vasgestel het nie, vermoedelik om in daardie tyd van skaarste aan onderwysers te verseker dat met 'n hoër, aanlokliker salaris 'n onderwyser verkry sou word.

1. Vgl. Staatskoerant no.57,12/7/64 en no.88,14/3/1865.

(6) Staatsuitgawes aan die onderwys.

Die Zuid-Afrikaansche Republiek was nog maar 'n jong staat met manne aan die roer van sake wat nie beskik het oor vroeëre ondervinding van staatsadministrasie nie, en daarom kan ons nie verwag dat die staatsmasjinerie sommer van die staanspoor af glad moes werk nie. Om hierdie rede en ook as gevolg van die ontwrigting veroorsaak deur die burgeroorlog was dit nie vir die regering moontlik om volledige finansiële verslae oor die periode 1861 tot 1864 op te stel nie. Daarom is dit dan ook nie moontlik om na te gaan hoeveel geld deur die regering aan die onderwys bestee is nie¹).

1. Dr. S.P.Engelbrecht beskryf die finansiële toestand van die Republiek in daardie dae in sy Thomas Francois Burgers, hoofstuk VII, 113 e.v. soos volg: „In 1857 was daar al sprake om papiergeld uit te gee, maar dit het nie so ver gekom nie. Die regering het sy toevlug geneem tot die uitreiking van mandate, d.i. skuldbewyse. Die landdroste het hierdie voorbeeld as navolgenswaardig beskou en ook sulke mandate uitgegee. In 1864 was daar soveel van hierdie mandate in omloop, dat die Goewerment nie eens geweet het hoeveel dit bedraag het nie, want in die jare 1862-1864, wat 'n tyd van verwarring was op staatkundige gebied, is daar selfs nie behoortlik boek gehou nie. Toe Pretorius in 1864 weer president geword het, nadat daar die laaste twee jaar feitlik niemand aan bewind van sake gewees het nie, het hy bekend gemaak dat die houters van die mandate hulle by die Goewerment moes aanmeld, sodat dit moontlik kon wees om vas te stel hoe groot die staatskuld was. Die Volksraad het besluit dat al die mandate wat vóór 5 Desember 1863 uitgereik was, aan die verskillende landdroste bekend gemaak moes word, anders sou dit verval. Die groot moeilikheid met hierdie mandate was dat dit nie geldig was as ruilmiddel nie en dat die staat dit alleen kon aanneem. Die amptenare, wat hulle salarisse daarmee uitbetaal gekry het, kon daar vrywel niks mee begin nie. In 1865 het die Volksraad dan ook definitief besluit dat na 1 September van daardie jaar geen mandate meer uitgereik mog word nie. Daar is toe 'n kommissie aangestel wat moes probeer uitvind hoe groot die skuld van die land was, maar in 1866 kon hierdie kommissie nog geen rapport uitbring nie.

Die Volksraad van 1865 het voor 'n baie groot moeilikheid gestaan. Die amptenare wou nie langer hulle salarisse in mandate ontvang nie, omdat hulle daar niks mee kom doen nie, en daarom wou hulle die diens verlaat. Dit was dus nodig om 'n uitweg te vind, en daarom het die Volksraad die Regering gemagtig om papiergeld tot 'n bedrag van 140,000 Ryksdaalders uit te gee.

Die buitelandse handelare het geweer om hierdie note as betaalmiddel aan te neem, en die binnelandse handelare het hulle pryse verdubbel. In 1867 werd daar weer note, ter waarde van £20,000 uitgereik. Wat sou dit? Die handpers was daar, en al wat nodig was, was om aan die een kant die slinger te draai, en die papiergeld rol die ander kant uit. Daar was baie geld, alleen dit had nie veel waarde nie. Pretorius se aartsvaderlike bestuur het dit nie eers altyd die moeite werd geag om te laat aanteken hoeveel note gedruk werd nie. Toe die Volksraad in 1867 'n kommissie aanstel om oor die geldsake van die land te rapporteer, het die kommissie tot die pynlike ontdekking gekom dat Pretorius se Tesourier-Generaal, H. van der Linden, nie eers boeke daarop nagehou het nie. Daar was wel een boek voorhande, maar daaruit kon niemand iets wys word nie. 'n Boek waaruit mens die inkomste en uitgawe van die land kon sien, was daar nie. Die kommissie het toe aan Van der Linde gevra hoe hy dan weet watter amptenare salaris ontvang het en watter nie, en die antwoord was dat hy dit onthou. Die end was dat Van der Linden tronk-toe moes gaan. Ook Pretorius het dit maar moeilik gekry. Hy het vir £1,370 meer aan note laat uitgee as die Volksraad toegestaan het. Die saak werd in die hande van die Staatsprokureur gestel, wat ten gevolge gehad het dat 'n Pretorius 'n die Staatsprokureur bedank het. Dit kon ook nie anders nie want die Staatsprokureur het verklaar dat volgens die wyse waarop die Volksraad hierdie hervassing van die president aangepak het, laasgenoemde as 'n 'valsche munter' na die Hooggeregshof ter strafsitting verwys moes word. Die Volksraad het teruggekrabbel en die bedankings is teruggetrek. Verder het die Volksraad besluit tot nog 'n verdere uitgifte van £46,000 aan papiergeld, wat die volgende jaar dan ook gedoen is“.

In 1860, toe die eerste begroting vir die Republiek opgestel is vir die jaar 1861, is rds. 6800 afgesonder vir die onderwys, waarvan rds. 6000 vir die salaris van 6 onderwysers en rds. 800 vir die huurgeld van onderwysers se huise bestem is¹). Artikel 1 van die 1859-reglement bepaal dat aan die onderwyser 'n vrye woning verskaf sou word maar bepaal nie nader wie dit moes verskaf nie. Uit hierdie begroting wil dit egter voorkom asof die staat verantwoordelik was vir die voorsiening van die onderwyserswonings. Hierdie uitgawe van rds. 6800 aan onderwys beloop sowat 7.7% van die totale uitgawes van die staat vir daardie jaar. As gevolg van die politieke onrus en onsekerheid wat daar in die land geheers het, is geen deeglike geldelike verslae vir die daaropvolgende jare beskikbaar nie, dog in die begroting vir die jaar 1864/5 is rds.12,000 vir die pos onderwys gestem²).

Die slegte finansiële toestand van die land het die onderwys gestrem, sodat die begrotingskommissie, wat oor die begroting vir 1865 moes rapporteer, die volgende aanbeveel het³):

„Art.17: De Commissie is van oordeel dat voor de zeven Gouvernements- onderwijzers teveel is opgebracht, doch recommandeert dat dit bedrag zal worden toegekend indien er minstens twintig kinderen in zulk een school zijn, doch anders/de som van Rds.1000⁴”. Dieselfde kommissie het die aanstelling van 31 distriksonderwysers (vir elke veldkornetskap een) as van die hoogste belang beskou, „maar moet oogenblikkelijk tegen dien aanstelling zijn tot tijd en wijle er meerdere beschikbare inkomsten voor het Gouvernements zullen zijn....“⁴).

Vir die jaar 1865/6 is weer rds. 12000 vir onderwys op die begroting geplaas en dieselfde bedrag ook weer vir die volgende jaar⁵), maar met die Volksraadsitting van 27 Maart 1866 het sekere lede van

1. S.A.Argiefstukke, Transvaal, no 4, deel IV: Volksraadsnotule met Bylae, 1859 - 1863, 356 - 358.
2. Ibid., no.5. decl V, 1864 - 1866, 49.
3.V.R.605/1864, art 17.
4. Ibid, art.18.
5. Staatskoerant,no.162,14/8/1866. Die werklike gedetailleerde syfers vir 1866/7 ontbreek en kon nie opgespoor word nie. Vgl. ook S.A.Argiefstukke, Transvaal, no.5, deel V, 1864 - 1866, 403, voetnoot 4.

die Raad gereageer op 'n aanbeveling van die geldelike kommissie en daarop gewys dat die bedrag wat vir die onderwys opsy gesit is (naamlik rds. 12000), te min is, en daarom 'n vermeerdering aanbeveel met die verstandhouding egter dat die onderwysers bekwaam moet wees¹). 'n Voorstel van P. Joubert, gesecondeer deur Lys, dat die Raad die jaarlikse toelae vir onderwys moet verhoog na rds. 16000, is daarop algemeen deur die Volksraad aangeneem²).

Op aanbeveling van die begrotingskommissie³) het die Volksraad in 1866 besluit om van sy geldstandaard (die riksdalder) afstand te doen en die Engelse geldstelsel (£.s.d.) te aanvaar ten einde die handel te vergemaklik.

Die finansiële toestand van die land was nog allertreurigs, en daarom het die Volksraad in sy sitting van September 1867 'n kommissie benoem om op die land se geldsake in te gaan. Dit het aan die lig gebring dat die noodsaaklikste boeke nie eers aangehou is nie en dat van baie gelde geen verslag gegee kon word nie en daar derhalwe 'n groot tekort was⁴). As gevolg van hierdie swak geldelike toestand waarin die land verkeer het, kon die salarisse van amptenare en onderwysers nie betaal word nie. Daarby moet ons nog onthou dat die geld wat daar wel was, amper niks werd was nie, met die gevolg dat sommige onderwysers en amptenare hulle betrekkinge neergelê het.

Hoewel die finansiële kommissie en baie van die Raadslede graag meer aan die onderwys wou doen, het die nypende tekort aan geld dit eenvoudig nie toegelaat nie; trouens, die teenoorgestelde was eerder die geval. In die 1861-begroting was 7.7% van die totale begroting vir onderwysdoeleindes opsy gesit terwyl sowat 7% van die staatsuitgawes in die begroting vir 1865/6 vir dieselfde doel bestem is.

(7) Behoeftes aan nuwe wetgewing.

Die aanstelling van die Algemene Kommissie kort na die inwer-

-
1. Staatskoerant, no. 162, 14/8/1866.
 2. V.R.N. 1866, art.679, Aanmg.11: Onderwys.
 3. S.A.Argiefstukke, Transvaal, no.5, deel V, Volksraadsnotules met Bylaes, 1864 - 1866, 409, art.22.
 4. Kyk bladsy 33 hierbo, voetnoot 1.

kingtrede van die 1859-reglement het al dadelik 'n wysiging van die Reglement of 'n nuwe wet noodsaaklik gemaak, omdat die bestaande onderwysreglement niks van die daarstelling van die Algemene Kommissie sê nie. Die Algemene Kommissie het in 1865 'n nuwe konsep-reglement vir die onderwys opgestel, wat op 22 Februarie 1866 deur die Volksraad aangeneem is as die Onderwyswet van 1866¹). Dit is 'n breedvoerige, deeglik opgestelde dokument.

(8) Inhoud van die Onderwyswet van 1866.

Die Onderwyswet van 1866 bestaan uit altesaam 118 artikels, onder verskillende afdelings ingedeel, wat die onderwysaangeleentheid vollediger formuleer as ooit tevore in die Republiek.

(a) Algemene bepalings.

Die Volksraad bepaal jaarliks hoeveel geld aan onderwys bestee mag word²), en na gelang van hierdie middele moet die Algemene Skoolkommissie so goed moontlik in die opvoeding en onderwys van die jeug voorsien³). Die onderwysers ontvang 'n jaarlikse salaris wat deur die Algemene Kommissie vasgestel word, onderworpe aan die goedkeuring van die Uitvoerende Raad⁴).

Op die goewermentskole moes sover moontlik onderrig in Engels en Hollands gegee word⁵), en aan Hollandse onderwysers wat ook onderrig in Engels gee, sou jaarliks 'n addisionele bedrag betaal word⁶). Onderwysers wat graag aan 'n goewermentskool onderrig wou gee, moes skriftelik aansoek doen by die Algemene Skoolkommissie⁷).

(b) Die Algemene Skoolkommissie.

Die „Reglement voor de Algemeene Schoolkommissie“ lê neer dat die Algemene Skoolkommissie moet bestaan uit drie lede, deur die Volksraad aangestel, en sy taak was om vir die onderwys te sorg⁸).

-
1. Goedgekeur V.R.B. 22 Februarie 1866. Ook gepubliseer in Lugtenburg: Geskiedenis van die onderwys in die S.A.R., Aangangsel IV.
 2. Onderwyswet van 1866, artikel 1.
 3. Ibid., art.2.
 4. Ibid., art.4.
 5. Onderwyswet van 1866, Algemene Bepalings, art.3.
 6. Ibid., art.5.
 7. Ibid., art.7.
 8. Onderwyswet van 1866, Reglemente, A, art.1.

Die Kommissie ontvang jaarliks verslag van die plaaslike skoolkommissies en stel daaruit 'n verslag op vir voorlegging aan die Uitvoerende Raad, drie weke voor die jaarlikse sitting van die Volksraad¹). Hy moet oral waar nodig en mits die beskikbare middele dit toelaat, doelmatige skoolgeboue en toerusting daarstel²). Hy stel onderwysers op goewerment-skole aan na bekragtiging daarvan deur die Regering³).

(c) Die plaaslike skoolkommissie.

Die reglement vir die plaaslike skoolkommissies beskryf die doel daarvan as die toesighouding oor en die bevordering van die skole⁴). Die plaaslike skoolkommissie moet bestaan uit 5 tot 9 lede⁵). Die kommissies moet die skole besoek en jaarliks verslag doen aan die sekretaris van die Algemene Skoolkommissie⁶); hulle het ook die reg om kinders van behoeftige ouers vry te stel van die betaling van skoolgeld⁷).

(d) Reglement vir goewermentsonderwysers.

Goewermentsonderwysers moet 'n onderwyserskwalifikasie besit en moet, soos trouens ook alle lede van die skoolkommissies en die Algemene Kommissie, lidmaat van 'n Protestantse kerk wees⁸). Sodra die aantal leerlinge 75 te bowe gaan, moet die onderwyser 'n ondermeester aanstel en self sy salaris betaal⁹). Die onderwyser kan skoolgeld van die leerlinge eis teen rds. 1-5-2 vir kinders onder 12 jaar en rds.2 vir kinders bo 12 jaar per maand¹⁰). Hulle kon skoolboeke volgens eie keuse op skool gebruik, maar dit moet geskied met inagneming van die skoolkommissie se wenke¹¹). Die onderwyser kon self die skryfbehoeftes aan die kinders voorsien en die koste daarvan van die ouers eis, of die ouers kon dit self verskaf¹²).

(e) Reglement vir distriksonderwysers.

„Distictsonderwijzers zijn dezulken, die buiten de dorpen, op

-
1. Onderwyswet van 1866, Reglemente, A, art.5.
 2. Ibid., art.6.
 3. Ibid., art.8.
 4. Onderwyswet van 1866, Reglemente, B, art.1.
 5. Ibid., art.2.
 6. Ibid., art.23.
 7. Ibid., art.21.
 8. Onderwyswet van 1866, Huishoudelike Reglemente, C, art. 1.
 9. Onderwyswet van 1866, C, Reglement vir Goewt. onderwysers, art. 11.
 10. Ibid., art.14.
 11. Ibid., art.15.
 12. Ibid., art.16.

eene of andere geschikte plaats, liefst bij den veldcornet der wijk, de kinderen der buitenlieden onderwijzen"¹). Distriksonderwysers staan onder die onmiddellike toesig van die veldkornet²) in sy wyk, van wie hy 'n sertifikaat moet kry van die datum waarop sy skool geopen is en hoeveel kinders daar is en dit aan die Algemene Skoolkommissie stuur³); hy moet 'n aanstelling van die Algemene Skoolkommissie hê voordat hy kan skoolhou⁴); en voordat hy na 'n ander distrik mag vertrek, moes hy eers toestemming van die Algemene Skoolkommissie daarvoor aanvra⁵).

Hy kry van die eienaar van die plaas 'n vry woning en billike skoolgeld „en al datgene waartoe zij met de ouders der kinderen ooreenkomen"⁶). Daarbenewens kry hy van die goewerment 'n jaarlikse toelaag van nie meer as £25 nie, mits hy gedurende die loop van die jaar nie minder as 12 kinders onderrig het nie⁷).

(9) Betekenis van die wetgewing.

(a) Vergoeding aan onderwysers.

Hierdie Onderwyswet het nou 'n vaste beleid ten opsigte van die finansiering van die onderwys in die Republiek neergelê. Die Volksraad sou jaarliks bepaal hoeveel geld aan die onderwys bestee mag word, waaruit dit duidelik is dat die Volksraad die besliste verantwoordelikheid vir die beskikbaarstelling van die nodige geld vir die onderwys op hom neem. Die salarisse sou jaarliks deur die Algemene Skoolkommissie vasgestel word.

Vasgestelde salarisse sou egter meer stabiliteit in die hand gewerk het, die onderwys ten goede. Waar die land se ekonomiese posisie haglik was en dit tevore al gebeur het dat die onderwysers se salarisse nie uitbetaal kon word nie, het sommige onderwysers gevrees dat hul le salarisse verhoog of verlaag kon word volgens die geld wat vir die doel beskikbaar was. Nietemin was die salarisse 'n verbetering, want

1. Onderwyswet van 1866, D, Reglement vir Dist.onderwysers, art. 1.

2. Ibid., art. 10.

3. Ibid., art. 9.

4. Ibid., art. 4.

5. Ibid., art. 5.

6. Ibid., art. 7.

7. Ibid., art. 8.

van toe af is meer betaal as die £75 per jaar volgens die 1859-reglement. Volgens die begrotings wat op hierdie Onderwyswet gevolg het, blyk dit dat die goewermentsonderwysers £100 per jaar aan salaris van die staat ontvang het plus 'n verdere £50 per jaar as hulle onderrig in Engels ook gegee het. Bo en behalwe hierdie salarisse kon die onderwyser ook nog skoolgeld van die ouers vorder en wel teen rds. 1-5-2 per kind onder 12 en rds. 2 per kind bo 12 jaar per maand. 'n Leemte in die wet met betrekking tot salarisse vir goewermentsonderwysers was myns insiens die nalating van die wetgewers om te bepaal wat die vergoeding aan 'n assistent-onderwyser moes wees. Dis ongelukkig in die hande van die hoof gelaat, en uit die aard van die saak sou hy dit so laag moontlik wou stel, tot sy eie voordeel.

Die maksimum vergoeding wat 'n distriksonderwyser van die staat kon ontvang, was £25 per jaar, mits sy gemiddelde inskrywing oor die jaar 12 of meer leerlinge was. Hierdie salaris was ontoereikend dog kon aangevul word deur skoolgelde wat die ouers met die skoolkommissie kon ooreenkom om te betaal. Aangesien geld egter skaars was, het die distriksonderwysers maar 'n moeilike bestaan gevoer. Die wetgewers verdien egter lof omdat nou 'n poging aangewend is om die onderwys ook na die dunbevolkte platteland te bring; want hoewel die staatsbydrae nie voldoende was nie, het dit tog daartoe bygedra om die onderwys op die platteland te bevorder. Dis egter net jammer dat daar nie van staatsweë voorsiening gemaak is vir distriksonderwysers se salaris in gevalle waar die gemiddelde leerlingtal oor die jaar minder as 12 was nie. In sulke gevalle het hulle blykbaar geen staatsalaris ontvang nie en is hulle as private onderwysers beskou.

(b) Geboue en skoolbehoefte.

Waar die beskikbare middele dit toegelaat het, moes die Algemene Kommissie sorg dat daar oral waar nodig, doelmatige geboue met die nodige toerusting daargestel word. Dit het veelbelowend geklink, maar ook hier het die nypende tekort aan geld baie vertraging veroorsaak.

Skoolbehoefte kon deur die ouers self of deur die onderwyser teen vergoeding van die ouers verskaf word in die geval van goewerments-

onderwysers, maar niks is in dié verband geformuleer ten opsigte van distriksonderwysers nie. Aangesien hierdie klein dog onontbeerlike dingetjies net eenvoudig in die skool moes wees, het die meeste onderwysers dit maar aangeskaf en nie in alle gevalle weer vergoeding van die ouers daarvoor ontvang nie. In dié opsig het die wet nog ruimte vir verbetering gelaat. Ook was daar geen uniformiteit in die verskillende skole in dié opsig nie.

(b) Beheer.

Die Algemene Skoolkommissie van drie lede, deur die Volksraad aangestel, moes toesig hou oor die onderwys en moes jaarliks van die plaaslike skoolkommissies verslae van hulle skole ontvang, waaruit dan een oorsigtelike verslag opgestel en aan die Uitvoerende Raad gestuur moes word. Hierdie sentrale liggaam vir die beheer van die onderwys was 'n goeie beginsel. Lede van die Algemene Kommissie was egter nie bekwaam en geskik vir die doel nie, soos later aangetoon sal word.

Plaaslike skoolkommissies het ook onder die Algemene Skoolkommissie geresorteer, terwyl die skool op die platteland en die distriksonderwyser onder die veldkornet gestaan het, mense wat in baie gevalle betreklik ongeleerd en dus onbevoeg vir die werk was.

2. Onderwys onder die Uitvoerende Raad, 1868 - 1872.

a. Die Wet van 1866 in die praktyk.

Die wet het in Februarie 1866 in werking getree maar het nie bevrediging gegee nie, sodat die Algemene Skoolkommissie reeds in 1867 'n gewysigde konsep aan die Volksraad voorgelê het. Intussen het ds. Van der Hoff bedank as lid van die Algemene Kommissie, en in Maart 1868 het die Volksraad die ander twee lede, Proes en Van der Linden, ontslaan, omdat die Raad van oordeel was „dat de Algemene School Commissie van geen nut is“¹). In hierdie jare, waarin die Volksraad met korrupsie te doen gehad het, het hy sake baie versagter gestel, soos ook in dié geval. By die deurlees van die Volksraadsnotules van daardie tyd blyk dit

egter duidelik dat die here Proes en Van der Linden onbevoeg was vir hulle werk (dronkenskap en geldverduistering onderskeidelik) en dat hulle onderwysverslae onvolledig en onbetroubaar was. Onder die omstandighede is dit dus te verwagte dat die Volksraad nie op die konseponderwyswet sou ingaan nie. 'n Wenk van die Staatspresident om 'n superintendent van onderwys aan te stel om die onderwys te behartig, is ook van die hand gewys¹). Dit wil voorkom asof die Volksraad, wat veel van die Onderwyswet van 1866 verwag het, moedeloos was na die onbevoegdheid van die Algemene Skoolkommissie en die onderwys voorlopig liewer maar net in die hande van die Uitvoerende Raad wou stel. Hierdie Uitvoerende Raad het egter nie die tyd of die bekwaamheid gehad om die onderwys ook te behartig nie, maar desnieteenstaande het die Volksraad gedurende die tweede sitting in September, toe die President sy voorstel van 'n superintendent van onderwys herhaal het²), dit tog geweier, want die Raad was 'n ruk lank glad nie meer in die onderwys geïnteresseerd nie³).

Hierdie verwickelinge het hulle nadelige uitwerking op die onderwys gehad, en verder het, as gevolg van die slegte landsomstandighede op ekonomiese en staatkundige gebied, die beheer en toesig oor die onderwys in die Republiek verswak en feitlik verdwyn. Behoorlike toesig oor die skole en die onderwysers het dus ontbreek, en die gebrek aan 'n koördinerende liggaam, soos die Algemene Skoolkommissie, het hom in die agteruitgang van die onderwys terdeë laat voel.

b. Beheer van die onderwysgelde.

Die voortdurende tekort aan geld in die landskas gedurende die sestiger jare van die vorige eeu en die stryd van die Volksraad om die mandate en skuld van die land uit te wis, het die Volksraad in 1867 'n kommissie laat benoem om oor die finansiële toestand van die land te rapporteer⁴). Hierdie Kommissie wou ook die boeke van Van der Linden, wat namens die Algemene Skoolkommissie belas was met die boekhouding van die onderwysgelde, nagaan; maar hy het geen boeke besit nie, en van 'n

1. V.R.N. 10 Maart 1868, art. 388.

2. Staatskoerant, no. 353, 21.10.1868.

3. Vgl. V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek, 53; vgl. ook die Volksraad se onverskillige houding teenoor die onderwys in V.R.N. Maart 1868, art.240.

4. Staatskoerant, no. 225, 13.11.1867; sien ook V.R.N. van 9.9.1867 veral vanaf art.185.

groot gedeelte van die geld kon hy geen verantwoording doen nie; hy het nie eens 'n ⁴salarisboek aangehou nie. Daarop is hy geskors, later van geldverduistering beskuldig en veroordeel tot tien jaar gevangenisstraf met harde arbeid, wat egter later verlig is.

Hierdie swak beheer van die onderwysgelde maak dit moeilik om deeglike ontledings te maak, en daarom moet hoofsaaklik gebruik gemaak word van die begrotings vir daardie tydperk en verder van die besprekings daarvan in die Volksraad, maar selfs al daardie gegewens is ook nie beskikbaar nie. Ons kan egter 'n betreklike betroubare beeld van die geld wat aan onderwys bestee is, uit daardie bronne saamstel.

c. Die koste van die onderwys.

In 1861 is rds. 6800 gestem vir onderwys, waarvan 6000 vir die salarisse van onderwysers en rds. 800 vir die huurgeld van onderwysers se huise bestem is. Hoeveel kinders in daardie jaar onderwys geniet het, kon nie vasgestel word nie. Hierdie staatsuitgawe aan die onderwys verteenwoordig nagenoeg 7.7% van alle staatsuitgawes vir daardie jaar. Die staatsuitgawes sou volgens die begroting rds. 88,336-5-2 beloop het¹). Vir 1864/5, 1865/6 en 1866/7 was die bedrag van rds. 12000 vir die onderwys gestem²), maar die lede van die begrotingskommissie en die Volksraad het gemeen dat dit te min was, en derhalwe is dit verhoog na rds.16000 per jaar vanaf 1866/7³) hoewel sowel die begrotingskommissie as die Volksraadslede telkens weer daarop gewys het dat die onderwysers ook moes verbeter⁴).

Na die onverantwoordelike gedrag van sommige amptenare ten opsigte van die staatsgeld het die Volksraad geëis dat alle bedrae wat vir uitgawe op die begroting aangevra word, voortaan volledig gespesifiseer moes word, met die gevolg dat die salarisse per onderwyser per distrik per jaar vir die eerste keer duidelik en volledig gespesifiseer is in die begroting vir die jaar 1868/9⁵) en daarna ook in die volgende be-

-
1. S.A.Argiefstukke, Tvl. no.4, deel IV: V.R.N. met Bylae 1859-63,356-8.
 2. a. Ibid., no.5, deel V, 1864 - '66, 49.
b. Staatskoerant, no.162, 14.8.1866.
c. Uit Volksraadsnotules saamgestel.
 3. V.R.N. 1866, art 179, Aanmg.11: Onderwys.
 4. Staatskoerant, no.162, 14.8.1866.
 5. Ibid., no.259, 23.12.1868.

grotings. Die begroting vir 1868/9 het die bedrag van £1800 aangevra vir die salarisse van onderwysers, soos hieronder aangedui¹⁾:

Distrik Pretoria:	2 goewermentsonderwysers @ £150..£300.	
	4 distriksonderwysers @ £25.....	100.
Distrik Potchefstroom:	1 goewermentsonderwyser @ £150...	150.
	1 " " @ £100...	100.
	3 distriksonderwysers @ £25.....	75.
Distrik Rustenburg:	2 goewermentsonderwysers.....	250.
	1 distriksonderwyser.....	25.
Distrik Lydenburg:	1 goewermentsonderwyser.....	150.
	1 distriksonderwyser.....	25.
Distrik Nylstroom en Schoemansdal:	1 goewermentsonderwyser.....	150.
	1 distriksonderwyser.....	25.
Distrik Heidelberg:	1 goewermentsonderwyser.....	150.
Distrik Wakkerstroom:	1 goewermentsonderwyser.....	150.
	1 distriksonderwyser.....	25.
Distrik Utrecht:	1 goewermentsonderwyser.....	100.
	1 distriksonderwyser.....	25.
		<u>£1800.</u>

Daaruit blyk dit dat daar 11 goewermentsonderwysers was, aan wie £1500 aan salarisse betaal is, en 12 distriksonderwysers, wat £300 aan salaris ontvang het, dus £1800 aan die 23 onderwysers. Daaruit blyk dit ook dat daar in die Transvaal selgs drie goewermentsonderwysers was wat nie Engels ook onderrig het nie en dus nie die ekstra £50 per jaar daarvoor ontvang het nie.

Volgens 'n skatting van dr. Lugtenburg²⁾ was daar teen hierdie tyd sowat 486 leerlinge op skool, wat dus die gemiddelde koste per kind vir die staat op £3:10:5 per jaar te staan gebring het.

Hoewel daar in die begroting self nie geld aangevra is vir die oprigting van skoolgeboue en die aankoop van skoolbehoefte nie, sou mens kan aanneem dat die staatski's niks daarvoor betaal het nie, maar tog het president M. W. Pretorius op 'n lys van salarisse vir onderwysers in 1868 bygevoeg dat hy glad nie weet hoeveel geld vir skole en skoolbehoefte nodig is nie, sodat dit tog wil voorkom asof die staat ook daaraan geld bestee het³⁾.

1. Staatskoerant, no.259, 23.12.1868.

2. Lugtenburg: Geskiedenis van onderwys in die S.A.R., 84.

3. E.V.R. 110, bl.253, gedateer 8 April 1868, M. W. Pretorius.

By die nadere beskouing van die begrotings vir die volgende ja-
re tot 1872 blyk dat die uitgawes aan onderwys 'n geleidelike styging
getoon het maar dat die staatsuitgawes ook toegeneem het. Die volgen-
de tabel toon aan watter uitgawes jaarliks, sover dit uit bronne be-
skikbaar is, deur die staat bestee is aan die salarisse van onderwysers,
vergelyk met die totale staatsuitgawes en uitgedruk as 'n persentasie
van die staatsuitgawes.

Tabel I.

Staatsuitgawes aan onderwysersalarisse, 1861 - 1872¹⁾.

<u>Jaar.</u>	<u>Totale staatsuitgawes.</u>	<u>Onderwyser- salarisse.</u>	<u>Persentasie.</u>
1860/1 ²⁾	£6,625	£510	7.7
1864/5 ³⁾	10,187	900	8.8
1865/6 ⁴⁾	12,866	900	7
1866/7 ⁵⁾	16,045	900	5.6
1867/8 ⁶⁾	24,182	1200	5
1868/9 ⁷⁾	25,971	1800	6.9
1869/0 ⁸⁾	32,899	1650	5
1870/1 ⁹⁾	33,518	1475	4.4
1871/2 ¹⁰⁾	35,714	1960	5.5

Tabel I toon dat die staatsuitgawes van 1866/67 af snel toege-
neem het. Die verklaring daarvoor is dat die Volksraad na die onder-
soek wat na die besteding en boekhouding van die staatsgeld ingestel
is, besluit het om die staatsfinansies op gesonde voet te probeer plaas.
Om dit egter reg te kry, moes daar gepoog word om die mandate in te
ruil en te verbrand, en dit is een van die redes vir die snelle toena-
me. Die bedrae wat gestem is vir die betaling van onderwysers se sala-

1.a. Alle bedrae na ponde herlei.

b. Alle bedrae benader tot naaste pond.

c. Hoofbronne word in voetnote aangegee, maar die gegewens is verder
bygewerk uit ander bronne soos Volksraadsnotules.

d. Gegewens hoofsaaklik geneem uit begrotings aangesien die werklike
uitgawes aan onderwys moeilik opgespoor kan word weens gebrek aan
'n beherende onderwysliggaam daar die Algemene Skoolkommissie op-
gehou het om te funksioneer en deur die Uitvoerende Raad vervang
is vir toesig oor en beheer van die onderwys.

2. S.A.Argiefstukke, Tvl., no.4, deel IV, 1859 - 1863, 356 - 358.

3. Ibid., no.5, deel V, 1864 - 1866, 49.

4. Staatskoerant, no.162, 14/8/1866.

5. Begroting ontbreek: uit Volksraadsnotules saamgestel.

6. E.V.R. 110, o.a. p.488, 490, 528.

7. Staatskoerant, no.259, 23112:1868.

8. Staatskoerant, no.283, 13:7:1869.

9. E.V.R. 114/1871.

10. Byvoegsel tot Staatskoerant, no.407, 23 Januarie 1872.

In verband met die uitgawes in tabel I hierbo aangegee moet die
aandag daarop gevestig word dat verskillende bronne verskillende
getalle vir sommige jare aangee. Sommige stukke wat daarop be-
trekking het, word uit die argief vermis, maar vir die doel van
hierdie studie is die betrokke gegewens heeltemal voldoende om
die algemene neiging in die deel van die totale staatsuitgawes
wat aan die onderwys bestee is, aan te toon.

risse, toon ook 'n styging; maar die persentasie wat aan salarisse uitbetaal is, is nie 'n baie verteenwoordigende syfer nie as ons in gedagte hou dat die verhoogde staatsuitgawe veroorsaak is deur die Volksraad se poging om die mandate in te ruil en te vernietig. Die uitgifte van meer papiergeld het ook 'n daling in die waarde van geld veroorsaak. Die stygende staatsuitgawe moet eintlik beskou word as 'n resultaat van die besliste poging wat aangewend is om 'n ou skuld, veroorsaak deur onluste en die uitgifte van papiergeld sonder die nodige sekuriteit, te probeer delg. Ook het hierdie toestand meegebring dat die waarde van geld gedaal het, en dit het die stygende syfer in die uitgawes veroorsaak.

As gevolg van politieke moeilikhede het die staatspresident M. W. Pretorius in Maart 1871 sy amp neergelê en in Julie 1872 het die nuwe President, dr. T. F. Burgers, die ampseed afgelê.
